**10 April 2005** **Skrifgedeelte: Matteus 27:16-26**
**Fokusgedeelte: Matteus 27:25**

# Die vloek van die bloed van Christus

Die rampe wat die Joodse volk deur die eeue getref het is 'n direkte gevolg van hierdie verskriklike gebed van die Jode! (Vgl. Dan 9:26; Luk. 19:44.) In die gebed aanvaar die Jode die verantwoordelikheid vir die grootste onreg van alle eeue. Die Bybel leer duidelik dat die sonde van die ouers nie net die ouers nie, maar ook die kinders tref (Jer 32:14; Rom 11:19-21).

Vandag bly dit nog net so waar. Die verkeerde wat ouers doen en sê het 'n sterk bepalende invloed op die lotgevalle van die nageslag. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Waar ouers met onverdeelde trou God liefhet en sy gebooie onderhou, belowe God sy liefde tot aan die duisendste geslag (Eks 20:4-6). Baie van die Jode wat die vloekbede gebid het, het gelukkig tot bekering gekom en die vloek vrygespring. Die enigste veilige plek vir ons en ons kinders is naby die Here (Rom 11:22-24).

*Sing: Psalm 2:5, 6* *Ds. APC Duvenage (Emeritus)*